



ALGEMENE PLIGTE VAN DIE TOESIGHOUERS TYDENS DIE NASIONALE SERTIFIKAAT-EKSAMEN

- **Waar kandidate in meer as een eksamenlokaal skryf, het al die pligte van die Hooftoesighouer ook op die Toesighouer betrekking.**

Voordat die eksamensessie begin moet die Toesighouers:

- **al die toegangsbriewe van die kandidate kontroleer;**
- **die korrektheid van die inligting op die voorblad van die antwoordboek vergelyk met die toegangsbrief van die kandidaat;**
- **toesien dat alle skryfborde in die eksamelokale skoon is, d.w.s dat geen geskrewe notas of sketse daarop voorkom nie;**
- **toesien dat geen leerder skryf tydens die leestyd van 10 minute nie;**
- **kontroleer vanaf die puntetaal dat alle kandidate die regte vraestel ontvang het;**
- **toesien dat alle selfone afgeskakel is.**

Die Toesighouers mag in geen omstandighede:

- **'n kandidaat help in die interpretasie van vrae nie;**
- **enige werk of aktiwiteit doen wat om mag kniehalter in die uitvoering van sy pligte nie;**
- **die eksamensaal alleen verlaat nie;**
- **met 'n ander Toesighouer kommunikeer wat steurend kan wees vir die kandidate nie;**
- **'n vraestel vanuit die eksamenlokaal aan iemand anders oorhandig voordat die eksamensessie nie verby is nie.**

Die Toesighouers moet toesien dat:

- **alle kandidate hulle antwoordstelle inhandig (soos benodig);**
- **alle kandidate die teenwoordigheidsregister geteken het voordat hulle die eksamenlokaal verlaat;**
- **toesien dat die voorgeskrewe skryftyd nie oorskry word nie.**

Die Toesighouers moet na die eksamensessie:

- **kontroleer dat al die kandidate wat teenwoordig was, teenwoordig gemerk word en al die kandidate wat afwesig was, afwesig gemerk word;**
- **toesien dat al die antwoordstelle behoorlik verpak (batched) word na gelang van die eksamennommers op die puntestaat;**
- **toesien dat die puntestaat wat hoort by 'n spesifieke pak antwoordstelle (batch), in die verpakking daarvan ingesluit word;**
- **toesien dat geen kandidaat 'n gebruikte of ongebruikte antwoordboek uit die eksamenlokaal verwyder nie;**
- **kontroleer dat enige relevante inligting op die voorblad van elke kandidaat se antwoordstel behoorlik en korrek ingevul is.**

**DR WILLIE STOLK
ADJUNKHOOF**